**Donderdag 31 Oktober**

| Skrifgedeelte: Handelinge 16:11-15 | Fokusgedeelte: Handelinge 16:14-15 |
|---|---|

**Wedergeboorte en my doop**

Elke jaar op 31 Oktober dink ons terug aan die Reformasie. Die Reformasie was daardie groot terugkeer na God se Woord gedurende die 16de eeu. Vir Europa was dit die terugkeer na die woorde wat Paulus vir Lidia op die walle van die rivier buitekant Filippi gesê het.

Paulus het met sy tweede sendingreis vir die eerste keer Europese grond betree toe hy en sy reisgenote Filippi aangedoen het. Lidia was die eerste Europeër wat deur Paulus tot geloof gelei is. Die Here het haar hart oopgemaak toe sy Paulus se woorde gehoor het. Deur sy Gees het God haar tot wedergeboorte, ’n nuwe geestelike lewe, gelei. Sy het aanvaar dat sy saam met Jesus gesterf het, en ook saam met Hom uit die dood opgestaan het. Daarom kon sy nou vir ewig lewe.

Sy is gedoop, soos Jesus aan sy dissipels opdrag gegee het om te doen wanneer ongelowiges die blye boodskap van verlossing aanvaar. Haar huisgesin is saam met haar gedoop. Ons weet nie wie almal deel van haar gesin was nie. Kinders, ouers, slawe, ander afhanklikes? Deur hulle geloof het hulle deel geword van die volk van gelowiges aan wie God Homself verbind het. Hulle doop was ’n teken daarvan.

Iemand wat in ’n gelowige ouerhuis gebore word, ontvang reeds as baba die verbondsteken van die doop. Die doop van ’n baba plaas ouers onder die verpligting om hulle kind in die leer van die Bybel te onderrig. Dit is immers uit God se Woord dat ’n kind God leer ken. Die doop gee nie ’n nuwe lewe (wedergeboorte) of geloof nie. God gee geloof. Kinders moet op hulle beurt die boodskap van Jesus Christus hoor.

Hoe gereeld hoor ons kinders en kleinkinders sy Woord?

*Sing: Psalm 119-1:39*

*Ds. EJ de Beer (Edmund) (Laeveld)*